Sending: Asië 2000

'n Sending met die visie van Christus (Matt 28:19)

Posbus 31192, Waverley, 0135
Tel: (012) 332 3665
Yvonne Selfoon: 076 509 9782
E-pos: asia2000@global.co.za

Nuusbrief - November / Desember 2017

"...en bekering en vergewing van sondes moet in Sy Naam verkondig word aan al die nasies, vanaf Jerusalem af en verder." Luk 24:47

Dierbare Sendingvriende

Die Here is genadig en goed. Veral as mens met Sy sake besig is, ontdek jy hierdie waarheid weer en weer. En mens staan verstom om te sien hoe die Here Sy koninkryk bou met jou swak pogings.
Ons staan byna elke dag verbaas om te sien wat die Here in Asië doen. Dan kan mens maar net laag buig in aanbidding.

Dr Sharon (heel links) het Yvonne uitgenooi om met die mediese studente te praat oor respek vir jou meerderes. Yvonne het van die geleentheid gebruik gemaak om te wys hoe jy eerstens respek vir onse Here God moet hê en hoe die respek vir ander daarop sal volg.

Ons is ook so vol waardering vir u as sendingvriende wat uself gee in gebed en offers. Ons besef baie goed dat ons sonder u dit nie kan maak nie. Baie, baie dankie vir die seën wat u uitdeel en ons weet u sal dit vir 'n ewigheid terug ontvang. Dankie weereens, baie dankie.

In hierdie nuusbrief wil ons 'n fotobeeld opstel en sommige situasies uitbeeld wat in die loop van die jaar gebeur het. Ons het vanaf verlede jaar besonderlik klem gelê daarop dat ons spanlede se dissipels moet leer om ook dissipels te maak en hulle help om nuwe bybelstudies aan die gang te kry. Dus, meeste van die fotos lê veral klem daarop.

Imelda Sedano is 'n ware voorslag in die Sending Asië 2000 span. Hier is Gretna en Yvonne saam met haar waar sy ons voorstel aan twee van haar gestremde mense met wie sy gereeld bybelstudies hou.

Hier sien ons Imelda in die mooie Burnham park, Baguio waar sy 'n jong meisie na die Here lei!

Broer Mel, wat die oudste in die Sending se span is, het heelwat dissipels opgelei wat hulle eie bybelstudies aan die gang het. Langs Yvonne staan Christie, en sy is een van diegene wat hy opgelei het om hulle eie bybelstudies te hou, en sy het hierdie bybelstudie met die groot groep mense waargeneem.



Ely, die Sending se ko-ordineerder in die Filippyne het ook 'n geweldige lang lys met bybelstudies wat sy gee, en dit tenspyte van 'n baie veeleisende werk by die Seminarium en nog veel meer verpligtinge en verantwoordelikhede waar sy weeskinders by haar huis inneem. Hierdie foto toon 'n voormalige heidense priester (pagan priest) wat voorheen totaal en al in die okkulte betrokke was met die aanbidding van die geeste. Met Ely se hulp het hy daaruit gekom en is hy 'n wedergebore kind van die Here.

Ons sien hier 'n bybelstudie gelei deur ons geliefde pastoor Joel Isang. Dit is 'n spesiale studie vir die jongmense van die kerk.

Een van Past Ludy se jongmense wat 'n bybelstudie lei met ander jongmense van die gemeente.

Regs agter staan Norma een van ons oudste spanlede. Regs en voor haar is twee jong meisies wat sy opgelei het wat ook hulle eie bybelstudies behartig.

Die volledige span werkers in die Filippyne soos afgeneem in Januarie 2017.

Ons wil afsluit met die bede dat u almal met u familie en ander geliefdes 'n baie geseënde en besondere Christusfees sal kan deurbring. Mag Jesus Christus die Een wees waarom alles draai.

Ons plaas hier 'n Kerstoneel soos uitgebeeld deur 'n Filippynse kunstenaar.

Weereens wil ons u almal bedank vir die wonderlike ondersteuning wat ons van u deur die jaar ontvang het. Ons is baie bewus dat vele mense vir ons bid, anders sou die werk nooit so geseënd en voorspoedig kon voortgaan en selfs uitbrei nie.

Net nog 'n gedagte wat ons by u wil laat. Hierdie fotosessie het alleenlik gegaan omtrent die werk in die Filippyne. Vroeg in 2018 (DV) wil ons besondere aandag gee aan die werk in Kambodja en ook iets wys van die werk in Sjina.

Wil u asseblief voortgaan om te bid vir al ons werkers en veral die maak van nuwe dissipels. Bid ernstig saam met ons dat die ware vermenigvuldiging sal plaasvind.

Met al ons liefde in Christus Jesus

Yvonne, die twee spanne en Mercy in Sjina

Standard Bank	Montana	Rek nr 020175876	IBT Kode: 015945
ABSA Bank	Kempton Park	Rek nr 9064970731	IBT Kode: 50444244